

Skriflesing: Efesiërs 3: 14 – 21

Teks: **Efesiërs 3: 16-18**

Sing: **VOORAF SANG: Ps. 98:1,3**

TYDENS EREDIENS: Ps. 92: 1,6; Ps. 92:3,4; Ps. 91:2,8; Ps. 84:2,6

Efesiërs 3: 14 – 21

Eph 3:14 Daarom kniel ek in gebed voor die Vader

Eph 3:15 aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.

Eph 3:16 Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,

Eph 3:17 dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

Eph 3:18 Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

Eph 3:19 Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

Eph 3:20 Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,

Eph 3:21 aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

Skriflesing: Efesiërs 3: 14 – 21

Teks: **Efesiërs 3: 16-18**

Sing: **Sing: VOORAF SANG: Ps. 98:1,3**

TYDENS EREDIENS: Ps. 92: 1,6; Ps. 92:3,4; Ps. 91:2,8; Ps. 84:2,6

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, laat ons vanoggend mekaar die vraag vra, wat is die dinge wat jou op jou knieë sal dwing. Dinge wat maak dat ek soos in die begin van ons gelese gedeelte vandag ook sal kan sê – *Daarom kniel ek in gebed voor die Here ...* Weet u 'n Jood het gewoonlik gestaan as hulle gebid het. Hoekom doen Paulus dit anders as wat die Jode doen?! Ja, laat die vraag maar weer gevra word wat is die dinge wat my op my knieë dwing. Dit wat maak dat die bene wat ek dink so sterk is, die arms nog so vol spiere, die hande wat ek makliker in vuiste gebuig kry as in gebed gevou kry, tog oopmaak en neerbuig en ek saam met Paulus dit sal kan sê – *daarom kniel ek in gebed voor die Here.* Wat is die dinge wat my en jou laat kniel. Ernstige siekte, ernstige droogte, dinge in ons huwelikslewe, 'n gesinslewe wat uitmekaarval, dinge wat regtig seermaak, ja kniel ek omdat ek regtig gekom het in my finansies wat ek nou net nie meer weet hoe nou verder nie? Natuurlik is dit alles dinge wat maak dat ek ook op my knieë moet kan neersak, my knieë moet kan buig, soos die ouer Vertaling Paulus met ons laat praat.

Tog is die pad wat ons met Efesiërs tot hier vandag geloop het en ons by hierdie besondere gebed gekom het ietwat van 'n verrassing. Hierdie is nou al die tweede gebed wat Paulus sommer in sy brief hardop spontaan ons laat hoor en sy gebed gaan oor dinge wat God doen en laat gebeur en

hoe dit ons nie maar net moet aanraak nie. Dit moet nie vandag maar net weer iets van 'n emosionele belewenis wees en nou is dit ook maar weer oor en verby nie. In die kern van Paulus se gebed lê 'n baie dieper saak. 'n Saak wat baie aktueel maar ook baie versigtig in ons tyd na gekyk moet word.

Daardie houding van ek sal regkom ... ek sal self ... ja tans met al die kosbare werk en regtige groot werk wat AfriForum en Solidariteit doen en die besondere presterende inisiatiewe waarmee hulle ons tyd en uitdagings aanpak, alles groot, goed en mooi. Daar is ook nou in die maand met die gemors wat in die land en in ons dorpe aan die gang is ook uit hulle geledere 'n besondere aansporing, seker dalk iets van 'n slagspreuk ... ja Afrikaanse sangers, lyk my van ons bekendstes, het 'n pragtige lied in ons tyd – ONS SAL SELF ... Ek aanvaar alles met Solidariteit inisiatiewe geloods en befonds. Tog sonder om hulle baie kosbare werk af te praat, laat ons maar weer mooi dink oor hierdie van ek sal self ... ons sal self?!

Die werklike stryd in die lewe, dit wat werklik moet gebeur is nie 'n “ons sal self”- benadering nie, maar self moet ek op my knieë kom en soos Paulus vanoggend kan bid oor die dinge waaroor daar regtig gebid en gepraat moet word. En dan moet die hele Efesiërs-brief ook in jou en my koppe inkom, dit moet hier in ons gedagtes en harte begin maal maar waarmee is God met my besig as God deur Efesiërs met my besig raak. Dit gaan juis daaroor dat ek sal self, of ons sal self op ons eie nie regkom nie. Dis die rede waarom die vorige dele van die brief soveel klem op die hegte eenheid wat daar in die Kerk moet wees geplaas het. Waar dit gaan om die Kerk as God se volk, die nuwe mensheid wat ons is, wat ons moet wees, maar wat ons steeds besig is om te word, het ons mekaar so nodig. Christus het ons gehoor het die middelmuur van skeidinge kom afbreek dat in Hom die Kerk alles mag ontvang, ja uit alle volke, tale, nasies, kulture, lande en tye werk God dat daar gekom kan word by wat ons verlede Sondag as 'n groot geheimenis kon hoor. Tog is die geheimenis aan ons geopenbaar. Christus, ons vrede (vgl. Ef. 2:14) bring bymekaar wat bymekaarhoort en Hy maak mense een waar dit uit onself nooit moontlik sou wees om die eenheid te bereik nie ... ons sou kwalik daarvoor kon wonder of praat.

Dit is ook waarom Paulus se gebede in Efesiërs ook so besonders is. Die gebed in Efesiërs 1 vers 15-23 en ook vandag se gebed in hfst. 3. Dit gaan nie net oor twee besondere gebede wat

ons in die brief aantref en wat ons vandag ook weer na moet kyk nie, maar die hele brief word eintlik deur 'n gebedskarakter gedra. En in hierdie besondere karakter wat die brief vertoon is agter my en jou gebede, dit wat teoloë ook noem, hier is belydenisuitsprake in die brief wat eintlik die gebede hulle bepaalde karakter en vorm gee. 'n Verhandeling al 'n klompie jare gelede, in 1997 deur 'n klasmaat van my geskryf, toon dit ook aan as ek Efesiërs wil verstaan moet ek die verband tussen Christus se Hoofskap en sy gesag in my lewe raaksien en kan toepas. Daarin is die mees sentrale belydenis wat ons uit Efesiërs by elke hoofstuk, ja by elke deeltjie in Efesiërs in my gedagtes moet hê dit wat in Efesiërs 1 se einde staan - *Dat God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: 21 hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. 22 Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. 23 Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.*

Dis is ook ons vertrekpunt as ons vandag hierdie tweede gebed met Paulus ons eie maak. Hy buig sy knieë voor God die Vader in sy Seun Jesus Christus en daar word gebid oor wat die werklike implikasies en uitdagings is as ek Christus se gesag en Hoofskap oor alles in my lewe aanvaar het en dit gaan toepas. Hy *bid vir elke geslag in die hemele en op die aarde* wat in Hom sy/haar naam ontvang het. Nog 'n ander vertaling praat nie van elke geslag nie, maar dit gaan om 'n gebed vir elke gemeenskap ... *n gemeenskap in die hemele en op die aarde wat van God sy naam ontvang het ...* Inderdaad hy bid vir uitverkore kinders van God, tog wel ook gedoopte kinders wat in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop is.

Vers 15 wat oorloop na vers 16 vra dan van God 'n besondere vraag en as ons dit nou ook hier in Postmasburg op hierdie dag 'n kernsaak in ons gebede sal maak dan vra ons van God dat Hy aan ons krag sal gee. Paulus se gebed in Efesiërs 1 vanaf vers 14 was 'n gebed primêr om wysheid, vandag se gebed vra in besonder dat God ons krag mag gee. God se krag is die enigste op Wie daar werklik staatgemaak kan word. Geen eie krag meer nie, geen van ek sal self, ons sal self houding nie, maar eintlik 'n gebed van tap my leeg dat U my kan voltap, as ek dit nou baie plat moet stel. Hierdie tweede gebed vra eintlik vir die Here dat Hy wat God is ons sal lei om met hierdie krag te lewe.

As ons ook mooi kyk wat is dan die dinge wat presies met goddelike krag in ons lewe voor gebid word dan sien ons dis eintlik twee dinge. Die eerste wat hy in vers 16 en 17 vra is dat die Here ons krag sal gee (ja innerlike krag) om al hoe meer soos Christus te word. Die tweede gebed wat ook goddelike krag gaan vereis is om al meer en beter te verstaan hoe groot Christus se liefde is. Eerste dan.

Vra die Here na Sy krag om al meer soos Christus te word:

Vers 16-17 lees ons Paulus se gebed: *16 Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, 17 dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.* In elke deel van die gebed is dit baie duidelik dat God alleen hierdie krag kan gee en Hy gee dit deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees word hier op 'n wonderbaarlike wyse deel gemaak van wat God alleen kan doen. Deur die Gees maak God besondere geheimenisse aan ons bekend, dit waarmee hoofstuk 3 begin het, maar die Heilige Gees dra ook God se krag in ons in. Krag is hier nie dit wat nodig is om swaar dinge te doen of swaar dinge op te tel of rond te skuif nie, dit gaan glad nie oor fisiese krag nie, maar die nog belangriker krag wat daar in ons lewe moet wees is geestelike krag.

En dan bid Paulus spesifiek dat daar in ons innerlike iets sal gebeur. Dat hierdie krag van God ons innerlik sterk sal maak. Om werklik die omvattende rykdom van God se heerlijkheid in Jesus Christus aan die werk te sien moet God by jou innerlike begin maar jou innerlike sal moet anders lyk as hoe dit was voor God daar kom werk het. Ons bid baie duidelik om 'n innerlike werking van God as ons bid om innerlike krag.

Broeder en suster, laat ons ook nie skroom om dit reguit by die naam te noem dat as daar vir jou innerlike mens gebid word dan vra jy die Here laat die wedergeboorte wat alleen God se werk was my nuwe hart so diep indring dat ek sal besef wie vanuit sy/haar innerlike mens dink en praat en optree lyk anders as hoe die meeste mense hier in ons dorp en gemeenskap lyk.

Inderdaad vra ons dat ons al meer soos Christus sal word want as Paulus bid dan vra hy spesifiek dat God uit die rykdom van sy heerlijkheid hier in ons na vore moet kom. Dit kan alleen in Jesus Christus gebeur. Daarom dat Paulus vir Christus so direk by ons innerlike mens betrek want as

Hy innerlik sterker word dan sal Christus in jou woon. Ons lees Paulus se spesifieke woorde as hy bid- *17 dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondwes sal wees.*

Ons sien dit duidelik die eerste been waarop hierdie gebed staan moet 'n gevestigde 'n gewortelde been wees. Iets van 'n boom sterk gewortel en gevestig in die plek waar God my geplant het. Een van die Psalms wil ons plant in die voorhowe van God, daar hoort ons, daar moet ons geplant wees. Ons het die Psalm ook vandag gesing. Psalm 92 in God se Woord stel die geregverdigde uitverkore kind van God so beeldryk aan ons voor- *Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhowe van onse God.*

So kan ons die eerste besondere deel van die gebed sien oorloop na die tweede been dat 'n boom eintlik net kan groei as daar twee verbindings in sy lewe is. Iets van 'n boom kan alleen vanuit twee “verbonde” lewe. Op aarde moet dit sterk, stewig, aan die grond gebind wees maar die son wat elke dag skyn en lig gee, moet ook tot die boom verbind wees. Sonder fotosintese kan die boom nie lewe nie. Die tweede been van die gebed, wil ek tog met al die gebreke van beelde en vergelykings ook noem die verstaan van fotosintese wat daar by jou en my moet wees. Ons noem die proses om hierdie besondere krag van God af te bid dat ons sal verstaan en dit is ons gebed:

Mag God ons die krag gee om al hoe meer en beter te verstaan hoe groot Christus se liefde is:

Hier praat ons van God se liefde vir ons. Dit is nie 'n gevoel nie, maar 'n werkwoord! Hy wat ons so lief het dat Hy vir ons sy Seun gegee het. In Hom kan daar gelewe word, in Hom kan daar gegroei word. Vers 18-19 is 'n besondere deel van die gebed as ons daar lees: *18 Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. 19 Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

Wanneer Paulus bid dat ons hierdie liefde mag ken dan is dit in wese ook weer 'n gebed om insig. Soos hy in hoofstuk 1 gebid het om wysheid, ja dat daar kennis moet wees rondom ons roeping en die hoop wat ons roeping vir ons inhou, ja toe het hy ook gebid om kennis rondom die

geskiedenis en die erfenis wat God vanuit sy heilsgeskiedenis sy kinders skenk. Ons moet weet watter rykdom daar vir ons is in die heerlike erfenis wat God in Christus vir die gelowiges bestem het. In die eerste gebed het Paulus ook al gevra om wysheid rondom die krag van God. Hoe geweldig groot God se krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Nou vandag se gebed bewys aan ons God se liefde is geen domkrag nie, maar daadkrag, ware “liefdeskrag” mag ek dit seker ook noem. God praat nie maar net nie, maar Hy doen! Hy werk omvangryk. Geen hoogte, diepte, lengte, breedte, ja wie is daar wat dit kan saamvat hoe wyd en ver God se liefde strek. Die God wat jou so lief het dat Hy sy eie Kind vir jou laat kom het, laat sterf het, ja die Kind wat Homself gegee het omdat God wil dat jy aan God oorgegee kon word. Ja, dat jy ook al meer moet kan word soos wat sy Kind in alles is! Hy die God wat is wat Hy is. Die EK IS wat ook jou vandag na Hom in liefde roep. Jy moet ook met tyd al meer kan word dit wat Hy is ...

As ek en jy al meer en beter kan verstaan hoe groot Christus se liefde is dan sal daar mos nie net innerlike krag in jou lewe aan die werk wees nie, maar uiterlik is jy nie net deel van ’n nuwe mensheid nie, maar jyself word ook al hoe meer ’n nuwe mens. Ek moet ook nie dink ek kan dit nie regkry nie. As ons die einde van Efesiërs 3 lees en Efesiërs 4 gaan ook al meer daarmee besig raak dat God jou wil toerus om te word dit wat jy gedink het nie moontlik is nie. Daarom voor ek by die tweede helfte van Efesiërs kan uitkom, hoofstuk 4 tot die einde van die brief is dit amper soos wat mense baie keer sê teorie en praktyk moet nou bymekaar uitkom. Dit help nie ons het die teorie, ons het werklik ’n deeglik en vol gemaakte prent en grondplan en agenda van wat die Kerk is en moet wees kon vorm maar niks daarvan kom nie in die praktyk nie. As dit nie in die praktyk gebeur nie, kan ek maar net sowel huis toe gaan en nie weer kerk-toe kom nie, want die afwaartse spiraal van kerk-wees is reeds my deel en gaan my al dieper ondertoe trek tot eendag daardie dieptes waar geen mens wil wees in ewige verloreheid nie.

God se liefde wat ons nie die hoogte kan peil nie wil jou vandag optrek boontoe na Hom toe. God gee jou die innerlike krag daarvoor, dit waarvoor Paulus ook vandag vir ons die gebed gegee het, mag God jou die krag gee om Hom ook werklik bo alles lief te hê. Dat ek werklik die krag mag ontvang om die eer wat alleen God toekom in alles aan Hom te wil gee. Dis die einde van Efesiërs 3. Luister weer mooi na die gebedswoorde en die gebedskarakter van vv 20-21:
20 Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons

bid of dink, 21 aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid.

Ons besef nie dit is 'n geval ek sal self of ons sal self regkom nie, maar in Christus, in jou verbondenheid met Hom om gevul te word met God se kennis, God se liefde, ja mag jy bid om die volheid van God. Dat God se heiligheid en heerlikheid al meer en meer in ons lewe beslag sal kry. Die getal wat God wil hê vol moet word mag God my ook daarvoor gebruik. In alles is dit eintlik maar word vervul met die volheid van God en word al meer leeg van jouself. In die volgende hoofstukke sal ons al meer daarmee moet werk. Word leeggetap dat God jou kan voltap. Dan sal God ons al meer en meer wys hoe Hy wil hê sy Kerk toegerus en bedien word. Dit gaan om God se orde vir Sy Kerk.

AMEN